Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 1
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 1
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 1

Monday 9 November 2015 (afternoon)
Lundi 9 novembre 2015 (après-midi)
Lunes 9 de noviembre de 2015 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a guided literary analysis on one passage only. In your answer you must address both of the guiding questions provided.
- The maximum mark for this examination paper is **[20 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez une analyse littéraire dirigée d'un seul des passages. Les deux questions d'orientation fournies doivent être traitées dans votre réponse.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[20 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un análisis literario guiado sobre un solo pasaje. Debe abordar las dos preguntas de orientación en su respuesta.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[20 puntos]**.

8815 – 0003
© International Baccalaureate Organization 2015

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Skryf 'n gerigte literêre analise van slegs **een** passasie. In jou antwoord moet jy beide die voorsiene rigtinggewende vrae aanspreek.

1.

Attie

Ons was op skool vir 'n ruk maats, ek en Attie, al het my ma nie juis daarvan gehou nie. Attie-hulle was anders as ons. Hulle was nie NG[1] nie. Hulle het in die groen asbeshuis naby die slagpale gewoon en hulle honde in 'n ou Rambler Hornet se wieldoppe in die kaal voortuin kos gegee.

Een keer – net een keer – het my ma ingestem dat ek by hulle kan oorslaap.

Dit was 'n Vrydag en ons het die hele aand op hul sitkamermat gelê en *Ruiter in Swart*-boekies[2] lees. Attie se ma het in 'n japon op die stoep gesit en rook. Oor die radiogram het Slim Whitman[3] gejodel. Later het die telefoon gelui.

Attie se ma het in 'n tam stem gaan antwoord, geluister, gesug en die foon neergesit. Toe het sy voor ons kom staan en vir Attie gesê: "As jy wil, kan jy jou pa gaan haal. Ek gaan beslis nie weer nie."

Hoe oud was ek en Attie toe? Twaalf? Dertien?

Ons het in 4de Straat afgestap, verby die dorpswembad. Dit was al laat. Taki se kafee was al toe en by die polisiestasie het Sersant in die aanklagkantoor gesit, verlep onder sy pet.

Daar was net twee karre voor die hotel: Attie-hulle se Rambler en die kroegman oom Riempies se Bluebird.

Attie het aan die kroeg se toe deur geklop en oom Riempies het kom oopmaak. Dit was die eerste keer dat ek 'n kroeg van binne gesien het. In die hoek het Attie se pa met sy kop op sy arms gesit; 'n skraal man met 'n Vitalis[4]-blink kuif. Voor hom 'n halfvol glas gestaan.

"Julle manne kan mos kar bestuur," het oom Riempies gesê en die Rambler se sleutels vir Attie gegee.

Oom Riempies het ons gehelp om Attie se pa op sy wiegende bene te kry, by die deur uit.

Attie het niks gesê nie.

Ek moes hom help om sy pa die sypaadjie af te kry. Hy het sy pa aan die arm om die Rambler gelei, onder die straatlig deur, tot agter by die kattebak. Attie se pa het eers na my en toe na Attie gekyk maar dit het nie gelyk asof hy ons sien nie. Attie het die Rambler se kattebak oopgemaak. Sy pa het iets gemompel maar Attie het hom net so gedruk tot hy op die kattebak se rand gesit het. Hy het sy pa se bene gelig en hom sydelings tot in die kattebak laat kantel.

Toe het hy die kattebak toegemaak.

Ek het voor langs Attie ingeklim. Hy kon skaars oor die Rambler se stuurwiel sien. Ons het huis toe gery, stadig verby die stasie waar die laataandtreine ge-shunt het, met Attie se pa in die kattebak en die een of ander simpel Abba[5]-liedjie oor die radio.

Attie se ma het agter haar sigaretkooltjie op die stoep gewag.

Attie het die Rambler voor die garage parkeer. Hy het nie die kattebak oopgemaak nie.

Hy het reguit na sy ma toe gestap, sy skouers regop, en die Rambler se sleutels vir haar gegee en gesê: "As jy jou man wil hê, gaan maak hom oop."

D P B Snyman, *Uit die binneland* (2005)

[1] NG: 'n lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
[2] *Ruiter in Swart*-boekies: 'n reeks foto-verhale wat gewild in die 1960's was
[3] Slim Whitman: 'n Amerikaanse country-sanger van die 1960's
[4] Vitalis: 'n haarstilleerjel wat gewild in die 1960's was
[5] Abba: 'n baie gewilde Sweedse popgroep van die 1970's

(a) Op watter maniere gebruik die skrywer agtergrond en karakterbeelding om die hooftemas in hierdie verhaal te ontgin?

(b) Bespreek patos en verlies in hierdie verhaal en hoe die skrywer te werk gaan om dit uit te beeld.

2.

In die baai

Dit was lank gelede.
Ons loop in Kaalvoetstraat,
ek en jy.
Die klippies steek skerp onder ons kaal voete;
ons loop eina-eina.
Ons lag vir die name van die huise
en sommer net oor ons jonk en bly is.
Kan-ni-kla-ni, Laatnag, Vrolikheid,
Woelwaters, Rus-my-siel.
Die wind waai my los hare teen jou wang.
Dit kielie.
Ons lag saam met die branders.
Jy byt 'n string hare tussen jou tande vas.
Vrolikheid, Woelwaters, Laatnag.

Laasweek het ek alleen
langs Kaalvoetstraat gestap,
eina-eina,
verby Uitspan en Laatnag
tot by Kan-ni-kla-ni,
Rus-my-siel.

Hester Heese, *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte* (1999)

(a) Bespreek taalgebruik en beeldspraak in hierdie gedig.

(b) Op watter maniere word herinneringe en die verlede in hierdie gedig opgeroep?

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Tuesday 10 November 2015 (morning)
Mardi 10 novembre 2015 (matin)
Martes 10 de noviembre de 2015 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.

3 pages/páginas

8815 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2015

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op 'n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

Drama

1. Bespreek en vergelyk spesifieke kenmerke van die elemente van die Teater van die Absurde soos dit in die dramas van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het, manifesteer.

2. Bespreek en vergelyk die gebruik van ironie in minstens twee van die dramas van verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

3. Bespreek hoe sosio-politiese verandering in 'n land neerslag vind in die ontwikkeling van karakters, in minstens twee van die dramas, van twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

Poësie

4. Poësie het meer van sy trefkrag te danke aan die kompakte en ekonomiese gebruik van taal as aan enige van sy ander kenmerke. Bespreek en vergelyk die gebruik en belangrikheid van hierdie konvensie in die gedigte van minstens twee van die digters wat jy bestudeer het.

5. Die werklike reis, sowel as die metaforiese reis, is 'n algemene tema in die poësie. Hierdie konvensie van die reis is 'n belangrike element in die ontwikkeling binne baie gedigte. Vergelyk die gedigte van minstens twee digters wat jy bestudeer het en lewer kommentaar op die wyse waarop hierdie konvensie gebruik is en wat die effek daarvan in die gedig is.

6. Gedigte word dikwels opgedra of gerig aan ander digters, intieme vriende of ouers. Bespreek en vergelyk die waarde wat dit tot die gedigte toevoeg deur te verwys na die gedigte van minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het.

Roman

7. Die menslike problematiek wat voortvloei uit etniese en kulturele grense in die Suid-Afrikaanse samelewing, is dikwels die oorkoepelende tema in Afrikaanse romans. Reageer op hierdie stelling deur minstens twee werke van verskillende skrywers te bespreek en te vergelyk waar die karakters die medium is waardeur hierdie dilemmas belig word.

8. Die Afrikaanse roman, die sogenaamde “plaasroman”, speel in ’n landelike omgewing af. Bespreek en vergelyk minstens twee werke van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en toon aan hoe hierdie landelike agtergrond na die 1960’s die betekenis van hierdie romans beïnvloed het.

9. Alhoewel die buitestaander ’n karakter is wat nooit heeltemal deel is van die verhaal in die roman nie, is hy of sy nogtans dikwels die een wat die verhaal toelig. Bespreek en vergelyk die rol van die buitestaander in minstens twee werke deur verskillende skrywers.

Kortverhaal

10. Kortverhale is soms subjektief en verhalend van aard. Bespreek en vergelyk minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en dui aan of waarde deur die subjektiewe invalshoek toegevoeg word of nie.

11. Dialoog is ’n sleuteltegniek in kortverhale. Vergelyk die gebruik daarvan in minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het en bespreek ook die verskillende funksies daarvan en hoe hulle bydra tot die betekenis van die kortverhale.

12. Bespreek en vergelyk die maniere waarop karakterisering in minstens twee van die kortverhale van verskillende skrywers wat jy bestudeer het, plaasvind. Bespreek ook die funksie daarvan in elke geval.

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 1
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 1
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 1

Friday 4 November 2016 (afternoon)
Vendredi 4 novembre 2016 (après-midi)
Viernes 4 de noviembre de 2016 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a guided literary analysis on one passage only. In your answer you must address both of the guiding questions provided.
- The maximum mark for this examination paper is **[20 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N’ouvrez pas cette épreuve avant d’y être autorisé(e).
- Rédigez une analyse littéraire dirigée d’un seul des passages. Les deux questions d’orientation fournies doivent être traitées dans votre réponse.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d’examen est de **[20 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un análisis literario guiado sobre un solo pasaje. Debe abordar las dos preguntas de orientación en su respuesta.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[20 puntos]**.

8816 – 0003
© International Baccalaureate Organization 2016

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Skryf 'n gerigte literêre analise van slegs **een** passasie. In jou antwoord moet jy beide die voorsiene rigtinggewende vrae aanspreek.

1 .

Die rooi lig

Dis 'n warm namiddag in Pretoria. Vlak voor die hoofingang van 'n gewilde inkopiesentrum is 'n groot kruising. Hier jaag honderde, duisende voertuie koorsig verby. Dis asof almal ekstra laat is, ekstra benoud, duidelik meer aggressief as elders in die stad. Hulle skiet verby die groen verkeerslig, lê op hul toeters, vloek deur hul tande.

Die verkeerslig is meteens oranje. Almal sit voet neer, verwissel van rat. Paniekerig en wild jaag die laastes oor die kruising.

En toe is die lig rooi. Bande skreeu. Harte bons benoud. Ja, sy's daar.

In die middel van die pad, met albei voete op die wit streep staan die vrou. Hare soos Daisy de Melcker[1], gesig verbrand soos die leer van 'n ou handsak, beentjies dun en knieë soos 'n ooievaar. Sy dra 'n groot manstrui, vaal blommetjiesromp en tennisskoene sonder veters. Sy lig die bord tot onder haar ken.

Werkloos. Een seun. Please help.

Sy lig haar oë en staar na die voorste motor. Duits en groot. Binne-in sit 'n vrou met hare wat weerlig sal lok en libido's verwond, blond, massief en kliphard. Op haar neus rus 'n reusebril met baie goud, byna soos 'n tuinhek met ruite. Haar vingers vou om die stuurwiel, versmoor deur 'n magdom ringe, met die jare aangedra deur 'n skuldige eggenoot. Sy trek haar pienk lippe op 'n plooi.

Agter haar staan en wikkel 'n windverwaaide bakkie. Bo-oor die stuurwiel loer 'n klein vroutjie met prakties versnipperde grys hare en 'n sweetpakbaadjie. Haar ogies flits heen en weer oor die pad en sy tik ongeduldig met haar voorvinger. Sy dink aan hoendervoer, netbalrompe en blomsaad.

Oor die pad stap twee swart vrouens met gevlegte hare. Hoë tooisels met helder krale. Hulle is geklee in uitbundige strekbroeke en Italiaanse insteekskoene. Hulle lag kliphard met toe oë en spierwit tande. Hulle stap verby die vrou met die bord. Sonder om op te hou lag, druk die naaste een iets in haar hand.

Die vrou met die tuinhek loer in haar truspieël. Sy sien hoe loer die praktiese een se ogies na haar. Sy sug en soek na 'n gedagte. Daar's niks. Maar sy weet instinktief sy moet haarself red, sy word dopgehou.

Die Duitse motor laat sak een van sy ruite. 'n Hand met ringe verskyn en wuif 'n R10-noot in die lug. Die vrou met die bord verlaat die wit streep en stap tot by die venster. Sy neem die geld en glip dit by haar mou in. Sy glimlag by die motor in. Binnekant bly die pienk lippe op 'n plooi.

In die bakkie dink die gryskopvroutjie aan droogskoonmakers, grassnyers en mikrogolf-fudge. Sy krap in die asbak, kry 'n hand vol sente beet en druk die toeter. Voor ruk die tuinhek vies om en die een met die tennisskoene spring nader.

Die vroutjie hang by die venster uit. Jy weet seker daar's 'n werksgroep in Lynnwood, sê sy en oorhandig die sente.

Toe is die lig weer groen. Almal skiet vorentoe. Die vrou spring terug op die wit streep en glimlag breed. Werkgroep se gat, sê sy saggies.

Twintig oor vyf trek 'n klein sportmotor van die pad af. Die vrou stap nader en maak die deur oop. Sy gooi haar bord oor die sitplek en klim in. Die jong man agter die stuurwiel maak sy das los en trek sy vingers deur sy kuif.

Jammer ek is laat, Ma, sê hy. Die spreekkamer was heeldag vol.

Die vrou skop haar skoene uit en haal 'n buisie Franse room uit die kajuitkissie[2]. Sy gooi 'n bietjie op haar hand en vryf dit oor haar gesig. Toe haal sy 'n lipstiffie uit en kyk in die spieëltjie.

Dis in die haak, sê sy. Ek het vandag weer soveel van hulle laat beter voel.

Nataniël, *Kaalkop* (2004)

---

[1] Daisy de Melcker was Suid-Afrika se eerste opgetekende reeksmoordenaar. Haar foto's is gekenmerk deur haar wilde, ongetemde hare.

[2] kajuitkissie: paneelkissie in 'n motor.

(a) Gaan na hoe die karakters in die teks en die wyse waarop hulle voorgestel word, 'n impak het op jou begrip en interpretasie van die teks.

(b) Bespreek hoe stylmiddele en stylfigure (veral die gebruik van ironie) die verloop van die verhaal help ontwikkel tot by die onverwagte wending aan die einde.

2.

Identiteit

Tussen elke vier mure
is haar lot vooraf bepaal.

Selfs tussen allernaastes
is die sitkamer – beskaafde
jas – 'n hoflike vertrek.
In die eetkamer is sy

by die tafel gasvrou en ma
wat – met die nodige weerstand –
opskep en aanbied, opreg
na elkeen se welstand vra.

Die woonkamer en kombuis
is elkeen 'n gesellige plek,
van – gewraakte voorskoot –
vrolik bak en brou, die nes

van omkrap, koerantlees
en les bes, van tee en beskuit.
Gangaf die kinders se kamers
vir help en gesels, raas – kners –

en preek. Hier maak sy ook elke
aand elke rug liefdevol toe.
Dan is daar die kamer van boeke,
diggepak, opgestapel, veelhanteerde

en altyd nuwe vergesigte uit rakke
vol poorte na nuwe domeine.

Maar in die groot slaapkamer stroop
sy af, al die maskers, vertolkings,
lae en lae klere en gewade.
Daar bly sý oor, in haar eie vel
voor haar geliefde bloot en broos
voor haar – absolute – self.

Sy staan voor die venster. Binne die ruit
bly worstel 'n klein vaal mot wanhopig
gevang in die kantgordyn. Sy duik
deur die glas na 'n streek sonder lyne.

Saam met bont vlinders wil sy
roekeloos stoei tussen rose:
op 'n teug wind, in 'n flits son
uiteindelik lustig omkom.

Heilna du Plooy, *Die stilte opgeskort* (2014)

(a) Bespreek hoe die rol van die vrou voorgestel word en hoe hierdie voorstelling bydra tot ons insig en interpretasie van die gedig.

(b) Gaan na hoe literêre tegnieke, soos byvoorbeeld struktuur en die gebruik van die aandagstreep bydra tot die trefkag van die gedig.

Marking notes
Remarques pour la notation
Notas para la corrección

November / Novembre / Noviembre 2016

Afrikaans / Afrikaans / Afrikáans
A: literature / littérature / literatura

Standard level
Niveau moyen
Nivel medio

Paper / Épreuve / Prueba 1

These marking notes are **confidential** and for the exclusive use of examiners in this examination session.

They are the property of the International Baccalaureate and must **not** be reproduced or distributed to any other person without the authorization of the IB Assessment Centre.

Ces remarques pour la notation sont **confidentielles**. Leur usage est réservé exclusivement aux examinateurs participant à cette session.

Ces remarques sont la propriété de l'Organisation du Baccalauréat International. Toute reproduction ou distribution à de tierces personnes sans l'autorisation préalable du centre de l'évaluation de l'IB est **interdite**.

Estas notas para la corrección son **confidenciales** y para el uso exclusivo de los examinadores en esta convocatoria de exámenes.

Son propiedad del Bachillerato Internacional y **no** se pueden reproducir ni distribuir a ninguna otra persona sin la autorización previa del centro de evaluación del IB.

5 pages/páginas

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

General marking instructions

These notes to examiners are intended only as guidelines to assist marking. They are not offered as an exhaustive and fixed set of responses or approaches to which all answers must rigidly adhere.
Good ideas or angles not offered here should be acknowledged and rewarded as appropriate. Similarly, answers which do not include all the ideas or approaches suggested here should be rewarded appropriately.

Of course, some of the points listed will appear in weaker papers, but are unlikely to be developed.

Instructions générales pour la notation

Ces notes ne sont que simples lignes directrices pour aider les examinateurs lors de la notation. Elles ne peuvent en aucun cas être considérées ni comme un ensemble de réponses fixe et exhaustif, ni comme des approches de notations auxquelles les réponses doivent strictement correspondre.
Les idées ou angles valables qui n'ont pas été proposés ici doivent être reconnus et récompensés de manière appropriée.
De même, les réponses qui ne comprennent pas toutes les idées ou approches mentionnées ici doivent être récompensées de manière appropriée.

Naturellement, certains des points mentionnés apparaîtront dans les épreuves les moins bonnes mais n'y seront probablement pas développés.

Instrucciones generales para la corrección

El objetivo de estas notas para los examinadores es servir de directrices para ayudar en la corrección. Por lo tanto, no deben considerarse una colección de respuestas y enfoques fijos y detallados por la que deban regirse estrictamente todas las respuestas.
Los buenos enfoques e ideas que no se mencionen en las notas para la corrección deben recibir el reconocimiento y la valoración que les corresponda.
De igual manera, las respuestas que no incluyan todas las ideas o los enfoques que se sugieren en las notas deben valorarse en su justa medida.

Por supuesto, algunos de los puntos que se incluyen en las notas aparecerán en exámenes más flojos, pero probablemente no se habrán desarrollado.

1. 'n Voldoende tot goeie gerigte literêre analise sal:

- Kommentaar lewer op die impak wat die uiterlike beskrywing van die karakters maak
- Kommentaar lewer op die motors wat deel vorm van die verhaal
- Nagaan hoe die voorkoms van die vroue bydra tot die interpretasie van die teks
- Aandui hoe die dialoog en insae in die persoonlike gedagtes van die karakters bydra tot die interpretasie van die teks
- Kommentaar lewer op hoe die optrede van die karakters bydra tot die leser se begrip van die teks
- Ook ander eienskappe van die karakters bespreek en aandui hoe die milieu bydra tot die begrip en interpretasie van die teks
- Aandui hoe stylmiddele (met spesifieke verwysing na ironie) gebruik word om die interaksie tussen die vroue by die verkeerslig, asook hulle reaksie op die bedelaar te verwoord
- Kommentaar lewer op hoe die gebruik van ironie bydra tot die onverwagte slot
- Verduidelik hoe beeldspraak en stylfigure bydra tot die skep van 'n duidelike beeld van die karakters en die agtergrond waarteen die verhaal afspeel.

'n Baie goeie tot uitstekende gerigte literêre analise kan ook:

- Kommentaar lewer op ooreenkomste en verskille van die uiterlike voorkoms van die karakters en die impak wat dit op die leser se interpretasie van die teks maak
- Kommentaar lewer op die motors met betrekking tot hul eienaars
- In fyner besonderhede nagaan hoe die voorkoms van die vroue bydra tot die begrip en interpretasie van die teks
- In fyner besonderhede aandui hoe die gebruik van dialoog en die insae in die persoonlike gedagtes van die karakters bydra tot die interpretasie van die teks
- In fyner besonderhede kommentaar lewer op hoe die optrede van die karakters bydra tot 'n beter begrip van die teks
- In fyner besonderhede beskryf hoe ander eienskappe van die karakters en die milieu (veral die voertuie by die verkeerslig) bydra tot die begrip en interpretasie van die teks
- In fyner besonderhede aandui hoe stylmiddele (met spesifieke verwysing na ironie) gebruik word om die interaksie tussen die vroue by die verkeerslig, asook hulle reaksie op die bedelaar te verwoord
- In fyner besonderhede kommentaar lewer op hoe die gebruik van ironie bydra tot die onverwagte slot
- In fyner besonderhede verduidelik hoe beeldspraak en stylfigure bydra tot die skep van 'n duidelike beeld van die karakters en die agtergrond waarteen die verhaal afspeel.

2. 'n Voldoende tot goeie gerigte literêre analise sal:

- Die verskillende rolle van die karakter bespreek en hoe dit in die verskillende kamers van die huis ervaar word
- Die verband tussen die rolle en die klere wat die vrou se identiteit uitbeeld, bespreek
- Kommentaar lewer op die vrou se waarneming van die mot en die vlinders
- Die funksie en trefkrag van die struktuur van die gedig met spesifieke verwysing na die lengte van die strofes en die gebruik van enjambement, bespreek
- Die gebruik en funksie van die aandagstreep in sommige van die strofes bespreek
- Sommige van die literêre tegnieke identifiseer en kommentaar lewer op hul gebruik en trefkrag om die identiteit van die karakter uit te beeld.

'n Baie goeie tot uitstekende gerigte literêre analise kan ook:

- Die verskillende rolle van die karakter bespreek en hoe dit in die verskillende kamers van die huis ervaar word, veral ook met betrekking tot haar gevoelens in die laaste kamer
- Kommentaar lewer op die vrou in 'n patriargale omgewing deur ook te verwys na feminisme.
- Die verband tussen die rolle en die klere wat die vrou se identiteit uitbeeld, bespreek en spesifiek verwys na haar gevoelens wanneer sy sonder klere is
- In fyner besonderhede kommentaar lewer op die mot en die vlinders in terme van haar soeke na identiteit
- Die funksie en trefkrag van die struktuur van die gedig met spesifieke verwysing na die lengte van die strofes in die algemeen en meer spesifiek strofes een, sewe en agt bespreek, sowel as die gebruik van enjambement
- In fyner besonderhede die gebruik en funksie van die aandagstreep in sommige van die strofes, maar veral strofe agt, bespreek
- 'n Breë spektrum van die literêre tegnieke identifiseer en kommentaar lewer op hul gebruik en trefkrag om die identiteit van die karakter vollediger uit te beeld.

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Monday 7 November 2016 (afternoon)
Lundi 7 novembre 2016 (après-midi)
Lunes 7 de noviembre de 2016 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.

8816 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2016

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op 'n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

Drama

1. Bespreek en vergelyk die rolle en interaksie van die protagonis en antagonis in die werke van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

2. Spanning is 'n belangrike element van die drama om die gehoor se belangstelling in die gebeure op die verhoog te wek en te behou. Bespreek en vergelyk op watter maniere minstens twee verskillende dramaturge wie se werke jy bestudeer het, spanning gebruik om die gehoor se aandag by die gebeure op die verhoog te hou.

3. Bespreek en vergelyk hoe die plek van handeling of toneelinrigting van die speelruimte in die werke van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het, die gehoor help om betrokke te voel by die gebeure op die verhoog.

Poësie

4. Metapoësie, dit wil sê wanneer die digter die skep van 'n gedig met die leser deel, is dikwels die hooftema van gedigte. Bespreek en vergelyk metapoësie in gedigte van minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het.

5. Een van die kenmerke van poësie is klankrykheid. Bespreek en vergelyk hoe minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het, te werk gaan om te verseker dat klank 'n belangrike element in hul gedigte is.

6. Karakters word dikwels in gedigte gebruik as draers van die tema wat die digter wil oordra. Bespreek en vergelyk hoe minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het, persone gebruik om beelddraers te wees van idees.

Roman

7. Die romanskrywer kan nie die hele omvang van 'n lewe in 'n roman weergee nie. Slegs 'n brokstuk van die lewe kan in 'n verhaal aangebied word. Bespreek en vergelyk wat die uitwerking hiervan is op die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

8. Bespreek en vergelyk hoe die belangrike plek van die stem van die vrou die gang van sake beïnvloed in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

9. Bespreek en vergelyk op watter wyse die hooftema (leitmotief) deur die loop van die verhaal ontwikkel word in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

Kortverhaal

10. In die kortverhaal kan die skrywer die verhaaltyd manipuleer om te hou by die bondigheid wat 'n kenmerk van die kortverhaal is. Bespreek en vergelyk hierdie aspek in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

11. Die kortverhaal het selde meer as net één motief of sentrale gedagte. Bespreek en vergelyk hoe die kerngedagte gestalte kry in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

12. Die keerpunt of wending is 'n onontbeerlike bestanddeel van die kortverhaal, en kan op enige plek in die verhaal aangetref word. Bespreek en vergelyk waar in die verhaal die botsing, krisis en klimaks aangetref word en wat die uitwerking daarvan op die verhaal is in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Wednesday 15 November 2017 (morning)
Mercredi 15 novembre 2017 (matin)
Miércoles 15 de noviembre de 2017 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.

3 pages/páginas

8817 – 0004

© International Baccalaureate Organization 2017

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op 'n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

Drama

1. Die uitbeelding van die innerlike lewe van karakters is sentraal tot drama as 'n genre. Bespreek en vergelyk die verskillende metodes om hierdie innerlike lewe uit te beeld deur voorbeelde te gebruik uit minstens twee werke wat jy bestudeer het.

2. Baie dramas lei tot 'n intellektuele of morele respons van die gehoor. Vergelyk die literêre konvensies in ten minste twee dramas wat jy bestudeer het om dit te bereik.

3. In elke drama is daar 'n spesifieke en belangrike keerpunt wat die verloop van die drama beïnvloed. Vergelyk die maniere waarop en tot watter effek ten minste twee dramaturge wat jy bestudeer het, gebruik maak van keerpunte in hulle dramas.

Poësie

4. Met verwysing na ten minste twee gedigte wat jy bestudeer het, bespreek en vergelyk hoe literêre konvensies gebruik word om gevoelens van nostalgie op te roep.

5. Met spesifieke verwysing na ten minste twee digters wat jy bestudeer het, vergelyk hoe die spreker of liriese stem bydra tot die betekenis en impak van die poëtiese teks.

6. Op watter wyse en hoe suksesvol reflekteer die titel van 'n poëtiese werk die betekenis daarvan? Beantwoord die vraag deur die werk van ten minste twee digters wat jy bestudeer het te vergelyk.

Roman

7. Skrywers sluit dikwels tegnieke soos terugflitse en/of voorspellings in. In die werke van ten minste twee skrywers wat jy bestudeer het, demonstreer hoe hulle een of beide tegnieke effektief gebruik.

8. Vergelyk die uitbeelding van die dominante ruimte in ten minste twee romans wat jy bestudeer het en lewer kommentaar op die rol hiervan in die werke.

9. Literêre tekste beeld dikwels karakters uit wat in konflik gewikkel is en sukkel met die morele dilemmas wat dit skep. Vergelyk die uitbeelding van sulke konflikte in die werke van ten minste twee skrywers wat jy bestudeer het.

Kortverhale

10. Vergelyk die effektiewe gebruik van figuurlike taal in ten minste twee werke wat jy bestudeer het.

11. “As ’n wyse om die samelewing te kritiseer, skets skrywers karakters wat vasgekeer en verstoot word deur die samelewing.” Stem jy saam met hierdie stelling en wat is die effekte van sulke karakterisering in ten minste twee werke wat jy bestudeer het.

12. “Die kuns van die kortverhaal is die kuns van beheersing en suggesties.” Bespreek hierdie stelling met verwysing na ten minste twee werke wat jy bestudeer het.

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Wednesday 14 November 2018 (morning)
Mercredi 14 novembre 2018 (matin)
Miércoles 14 de noviembre de 2018 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.

8818 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2018

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op ’n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

Drama

1. Konflik is die essensie van drama as ’n genre. Bespreek en vergelyk konflikte in ten minste twee dramas wat jy bestudeer het.

2. Met verwysing na ten minste twee dramas wat jy bestudeer het, demonstreer hoe atmosfeer geskep word en die belangrikheid hiervan in die dramas as ’n geheel.

3. Die handeling van ’n drama beweeg tipies van die verlede na die hede. Vergelyk die wyses hoe dramaturge die verloop van tyd hanteer en bespreek die effek van hierdie gebruik in dramas van ten minste twee dramaturge wat jy bestudeer het.

Poësie

4. Vergelyk die wyses hoe en tot watter effek ten minste twee digters wat jy bestudeer het visuele beelde gebruik om ’n spesifieke atmosfeer te skep of om sekere gevoelens op te wek.

5. Gedigte verken dikwels kontras byvoorbeeld tussen lewe en dood of platteland en stad om hul gevoelens en idees uit te druk. Met verwysing na ten minste twee digters wat jy bestudeer het, vergelyk die gebruik van kontras en die effekte hiervan.

6. Sommige gedigte skep ’n besonder sterk verbintenis met die individuele leser. Verken die middele waardeur die verbintenis met die leser bereik en gehandhaaf word deur ten minste twee digters met mekaar te vergelyk.

Roman

7. Met verwysing na ten minste twee werke wat jy bestudeer het, vergelyk die wyses waarmee outeurs die leser se verwagtinge opbou en tot watter effek.

8. Met verwysing na die werk van ten minste twee outeurs wat jy bestudeer het, vergelyk die gebruik en effekte van simboliek asook die impak hiervan op die leser.

9. Vergelyk hoe en deur watter middele ’n onbetroubare verteller die interpretasie van die werk as ’n geheel beïnvloed in ten minste twee romans wat jy bestudeer het.

Kortverhale

10. Die emosies wat verken word in kortverhale hoef nie ekstreem te wees om die leser te betrek nie. Vergelyk hoe aan hierdie stelling gehoor gegee word in ten minste twee werke van verskillende outeurs wat jy bestudeer het.

11. Verken die tegnieke wat gebruik word om goed en kwaad uit te beeld in ten minste twee van die werke wat jy bestudeer het.

12. Ruimte in ’n kortverhaal is ’n aktiewe element eerder as slegs ’n agtergrond vir die handeling. Met verwysing na ten minste twee van die werke wat jy bestudeer het, verken die manier hoe ruimte gebruik word in die verhale en die effekte wat dit skep.

No part of this product may be reproduced in any form or by any electronic or mechanical means, including information storage and retrieval systems, without written permission from the IB.

Additionally, the license tied with this product prohibits commercial use of any selected files or extracts from this product. Use by third parties, including but not limited to publishers, private teachers, tutoring or study services, preparatory schools, vendors operating curriculum mapping services or teacher resource digital platforms and app developers, is not permitted and is subject to the IB's prior written consent via a license. More information on how to request a license can be obtained from http://www.ibo.org/contact-the-ib/media-inquiries/for-publishers/guidance-for-third-party-publishers-and-providers/how-to-apply-for-a-license.

Aucune partie de ce produit ne peut être reproduite sous quelque forme ni par quelque moyen que ce soit, électronique ou mécanique, y compris des systèmes de stockage et de récupération d'informations, sans l'autorisation écrite de l'IB.

De plus, la licence associée à ce produit interdit toute utilisation commerciale de tout fichier ou extrait sélectionné dans ce produit. L'utilisation par des tiers, y compris, sans toutefois s'y limiter, des éditeurs, des professeurs particuliers, des services de tutorat ou d'aide aux études, des établissements de préparation à l'enseignement supérieur, des fournisseurs de services de planification des programmes d'études, des gestionnaires de plateformes pédagogiques en ligne, et des développeurs d'applications, n'est pas autorisée et est soumise au consentement écrit préalable de l'IB par l'intermédiaire d'une licence. Pour plus d'informations sur la procédure à suivre pour demander une licence, rendez-vous à l'adresse http://www.ibo.org/fr/contact-the-ib/media-inquiries/for-publishers/guidance-for-third-party-publishers-and-providers/how-to-apply-for-a-license.

No se podrá reproducir ninguna parte de este producto de ninguna forma ni por ningún medio electrónico o mecánico, incluidos los sistemas de almacenamiento y recuperación de información, sin que medie la autorización escrita del IB.

Además, la licencia vinculada a este producto prohíbe el uso con fines comerciales de todo archivo o fragmento seleccionado de este producto. El uso por parte de terceros —lo que incluye, a título enunciativo, editoriales, profesores particulares, servicios de apoyo académico o ayuda para el estudio, colegios preparatorios, desarrolladores de aplicaciones y entidades que presten servicios de planificación curricular u ofrezcan recursos para docentes mediante plataformas digitales— no está permitido y estará sujeto al otorgamiento previo de una licencia escrita por parte del IB. En este enlace encontrará más información sobre cómo solicitar una licencia: http://www.ibo.org/es/contact-the-ib/media-inquiries/for-publishers/guidance-for-third-party-publishers-and-providers/how-to-apply-for-a-license.

Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Wednesday 20 November 2019 (morning)
Mercredi 20 novembre 2019 (matin)
Miércoles 20 de noviembre de 2019 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

Instructions destinées aux candidats

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est de **[25 points]**.

Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.

8819 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2019

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op 'n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

Drama

1. Analiseer hoe humor gebruik word in ten minste twee dramas wat jy bestudeer het om 'n ernstige boodskap oor te dra.

2. Op basis van ten minste twee dramas wat jy bestudeer het, bespreek die middele waardeur dramaturge die gevoelens en menings van die gehoor wil beïnvloed.

3. Met verwysing na ten minste twee dramas wat jy bestudeer het, analiseer die verskillende wyses hoe toneelaanwysings gebruik word asook die verskillende funksies wat dit in 'n drama het.

Poësie

4. Elegiese poësie, waarin die digter dinge oproep wat hy/sy onthou of verloor het, is ontroerend. Bespreek die manier waarop ten minste twee digters wat jy bestudeer het sulke ervarings uitbeeld en met watter effek.

5. Analiseer die effek van gedigte met 'n rymskema en/of gedigte sonder so 'n skema. Bespreek met verwysing na ten minste twee verskillende digters wat jy bestudeer het die spesifieke effek wat bereik is.

6. Gebruik ten minste twee gedigte wat jy bestudeer het om te bespreek hoe en tot watter effek digters verskillende familieverhoudings en sosiale verhoudings in hulle gedigte verken.

Roman

7. Dat die roman 'n morele les leer is 'n bekende konvensie van hierdie genre. Op watter maniere en vir watter doeleindes het ten minste twee outeurs wat jy bestudeer het hieraan voldoen of hierdie konvensie ondermyn?

8. Vergelyk die openings van ten minste twee werke wat jy bestudeer het en lewer kommentaar op hoe dit die leser by die werke betrek.

9. Vergelyk en bespreek die belangrikheid van die reis as 'n ordeningsbeginsel in ten minste twee werke wat jy bestudeer het.

Kortverhale

10. Bespreek hoe verskillende kulturele elemente gebruik word om konflik te verskerp in ten minste twee werke wat jy bestudeer het.

11. Vergelyk die maniere hoe ten minste twee outeurs wat jy bestudeer het stedelike en/of landelike ruimtes in hulle werke gebruik.

12. In die lig van ten minste twee werke wat jy bestudeer het, vergelyk hoe die uitbeelding van skielike insig of epifanie (oomblik van waarheid) bydra tot die skep van ’n suksesvolle kortverhaal.